Skrifgedeelte: 1 Konings 19

Teksverse: 1 Konings 19:11-13

Tema: Wanneer God my toekomslose geloof verander deur `n hoopvolle visie op die toekoms.

In die afgelope week het die Kommissie vir die Beskerming van die Regte van Kultuur-, Taal- en Godsdiensgemeenskappe `n wetsontwerp voorgehou. Hierdie wetsontwerp hou in dat daar nie op sekere maniere oor dinge gepraat kan word nie wat ons as christene as sonde sien. Só byvoorbeeld, sal mens die regte van `n gay persoon aantas indien jy hom of haar daarop sou wys dat dit teen God se wil ingaan en dat dit sonde is. Daardie persoon kan dan `n klag teen jou lê en jy kan selfs tronkstraf opgelê word.

Gesien saam met die vreeslike reaksie van baie mense wat vir die regte van praktiserende homoseksuele mense is, op die besluit van die NG Kerk, dan kan ons dalk benoud raak oor die toekoms van die kerk. Hoe het een van die lesers op Maroela Media gesê na hierdie besluit? *"`n Paar NG dominees gaan nou hulle mercs moet in trade vir `n Tazz. Nie net is die pienk pond baie lojaal nie, dit is ook baie vrygewig."* Of `n ander persoon se uitlating: *"Die NG Kerk is pateties en irrelevant. Ek kan nie glo dat enigiemand hulle nog ernstig opneem nie..."* Soortgelyke uitlatings is ook al oor ons kerkverband gemaak.

Gesien saam met soveel ander sake soos gelowiges wat gemeenskap met die kerk opsê, lidmate wat eenvoudig net nie meer só betrokke is soos altyd nie en al hoe meer mense wat `n weersin en haat vir die kerk het, dan kan dit maklik gebeur dat ons dink en voel dat daar nie meer `n toekoms vir ons geloof is nie. Ons wil dan saam met Elia onder die besembos gaan lê en vra dat die Here ons tog maar nou net kom wegneem. Ons het genoeg gehad. Ons wil ontsnap van hierdie slegte wêreld om net by die Here te wees. In plaas daarvan dat ons geloof dan getuig van die wonderlike hoop op die toekoms wat ons het, het ons `n toekomslose geloof waarmee ons vaskyk aan die negatiewe dinge rondom ons.

Waar Elia egter onder die besembos gaan lê het, het God deur `n engel hom ontmoet en hom versterk en die opdrag gegee om na die berg van die Here toe te gaan. God lei vir Elia in `n plek van isolasie in om daar met hom te praat. Dit is in afsondering en alleen-wees met God wat God begin om Homself aan Elia bekend te maak en Elia te versterk.

God begin om met Elia te werk deur vir hom `n vraag te vra: "Wat maak jy hier, Elia?" Elia se antwoord vertel vir ons hoe toekomsloos sy geloof op daardie stadium was: "Ek met my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."

"Net ek alleen het oorgebly..." dit is hoe toekomsloos Elia gevoel het. Dit is asof hy hier sê dat nie eens God wat die verbond opgerig het, kan die toekoms verander nie. En dan hou God aan om met Elia te werk. Hy roep hom om uit te gaan, sodat Hy voor hom kan verby gaan. En dan volg daar drie massiewe natuurverskynsels: `n baie sterk wind wat die berg stukkend ruk, `n aardbewing en `n vuur. In nie een van hierdie drie massiewe goed was God nie. Dit is egter wanneer daar `n fluistering in die windstilte is, wat Elia besef: nóú het God verby gekom! Nóú is God hier!

God word nie beleef in die boodskap van sy verskriklike straf op die sonde, die vrese van verdoemenis in die wet van God, die skrikwekkende gedagte van die oordeel van die lewende, almagtige God nie en ook nie die gedagte aan ewige pyn in die hel of die onbeskryflike alleenheid van die ewige verdoemenis nie. Dit is alleen wanneer God Homself aan ons bekend maak in die fluistering in die windstilte dat ons nie anders kan nie as om voor Hom neer te val en Hom te aanbid nie. Dit is daar waar ons in stilte, in God se skepping met Hom besig is wat Hy opnuut sy grootheid, wonder en almag vir ons wys. Dit is daar waar ons deur geloofsoë kan sien en onthou dat God alles onderhou en vir alles sorg.

Is dit nie dalk juis die rede hoekom ons só dikwels `n toekomslose geloof het nie? Die realiteite en druk van hierdie wêreld verhoed ons om stil te word in God se skepping en die wonder van die Skepper in te drink. Wanneer laas het jy jou verwonder aan die fyn detail op `n skoenlapper se vlerke of die ontsettende krag in die lyf van `n mier? Wanneer laas het jy daarna gekyk en onthou dat ons God die Skepper hiervan is en dat Hy die Beskermer en Bewaarder van die kerk is?

Maar dit is nie net wanneer God Homself só in die natuur bekend maak, dat ons Hom leer ken nie. Selfs al maak God Hom só as die Almagtige bekend beteken dit nog nie dat ons `n hoopvolle visie op die toekoms het nie. Dink maar aan hoe Elia gereageer het nadat God só in die fluistering in die windstilte voor Elia verby gekom het: sy antwoord het presies dieselfde gebly. Ja, dalk het sy stemtoon verander, wie weet? Maar vir Elia hang die toekoms van die volk se verhouing met God van hom af en hy het misluk.

Daarom dat God in wese hier vir hom sê: "Elia, dit gaan nie oor jou nie en dit hang nie van jou af nie!" Ja, God het Hom aan Elia bekend gemaak met hierdie besonderse openbaring in die natuur, maar dit is wanneer God praat, deur en met sy Woord, dat Hy Homself nog duideliker aan Elia bekend maak. God se wil, sy plan met die volk, gaan aan ten spyte van hoe toekomsloos dit in Elia se oë lyk.

God maak aan Elia bekend dat Hy `n plan het. Hy stuur die regte mense in Sy diens om sy wil uit te voer: Gasael, Jehu en Elisa en deur hierdie manne gaan God se heerskappy duidelik word. Elia moet bloot omdraai en aangaan met dit wat die Here vir hom gee om te doen. God is die een wat die verbond in stand hou en wat sal sorg dat Sy wil sal geskied - daarvoor het Hy 7000 mense in Israel bewaar om nie eens te praat van almal in Juda nie! Elia is nie die enigste een wat oorgebly het nie...hy is die 7001ste persoon wat God steeds dien! As ons verder gaan kyk in die Ou Testament hoor ons dat dit op die einde eers na Elia se hemelvaart is dat Gasael en Jehu gesalf was as konings en dat Elisa toegesien het dat dit gebeur het. Maar dit het begin by Elia wat gereageer het op die visie van `n hoopvolle toekoms wat God vir hom gegee het.

Wanneer ons dan vasgevang raak in `n "toekomslose" geloof, is dit vir ons nodig om te onthou dat God steeds besig is met Sy plan. Hy is die Een wat in Jesus Christus die kerk vir Hom gekies het en wat deur die Heilige Gees die mense tot geloof roep en wat hulle geloof versterk. In werklikheid het God vanoggend vir ons `n hoopvolle visie vir die toekoms gegee.

Ons het gehoor dat Jesus Christus deur die Nagmaal self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed vir die ewige lewe voed en versterk en dat dit só seker is soos die feit dat ek die brood en wyn eet en drink. Daarmee saam het ons gehoor dat dit die Heilige Gees is wat ons deur

die Nagmaal ook al hoe meer een met Jesus Christus laat word, sodat ons saam met Christus ewig mag lewe en deur Hom geregeer mag word.

Dit is hierdie Jesus Christus wat deur God die Vader op die troon geplaas is sodat almal eendag sal erken dat Jesus Christus die Here is tot eer van God die Vader en dit is die Heilige Gees wat ons daarvan verseker dat dit werklik sal gebeur en dat God tot dan en na dit steeds die kerk sal beskerm en bewaar. Solank as wat God bestaan en solank as wat Jesus Christus regeer en solank as wat die Heilige Gees ons in die volle waarheid lei en ons as die eiendom van God verseël het, sal ons as die kerk bly bestaan.

Die bestaan van die kerk hang nie van jou en my af nie. Ons mag nooit só hoog van onsself dink dat ons glo dat God ons nodig het om die kerk te laat bly lewe nie. Ondanks en ten spyte van ons bewaar en beskerm die Here sy Kerk en het Hy `n onbeskryflike visie op `n hoopvolle toekoms vir die kerk. God gee aan ons egter die voorreg om ten spyte van ons twyfel en mens-wees deel te wees van Sy groot missie: dat met Christus se koms elke knieg sal buig en elke tong sal erken dat Jesus die Here is tot eer van God die Vader.

Met die Nagmaal vanoggend het die Here ons juis hiermee versterk: Hy is en bly die Beskermer en Bewaarder van die kerk ten spyte van wat die wêreld sê en hoe die wêreld ons beleef. Hy het vanoggend met `n fluistering van sy Woord gewys op Wie Hy is en reg rondom ons in die natuur kan ons herinner word aan die almag en grootheid van ons Here. Dieselfde Here wat wolke laat saam kom en vloede veroorsaak, wat berge laat ruk deur winde en wat aardbewings en vuur opdragte gee, is die Here wat ons as kerk beskerm en bewaar. Hou vas aan die wonderlike hoopvolle toekoms wat die Here vir jou en my gee!

Amen